**BJV Letaba Groepering-skietdag Kompetisiereëls:**

**Ordereëlings:**

1. Reg van toegang voorbehou.
2. Daar sal skietbaanbeamptes in beheer wees van die verskillende skietpunte. Geen skoot mag afgevuur word sonder hulle teenwoordigheid of toestemming nie. Alle bevele van skietbaanbeamptes moet gehoorsaam word.

3. Vrydag 30 September vanaf 12h00 tot 16h30 oop vir enige persoon om deel te neem, daar sal wel voorkeur gegee word aan Baan Beamptes en helpers. Saterdag 1 Oktober word die eerste skote 08h00 gevuur en die laaste teikens word om 15h00 verkoop. Die laaste aflos sal om 15h30 wees op diskressie van die organiseerders.

4. Die beslissing van die Hoof meetbeampte en Hoof skietbaanbeampte sal finaal wees ten opsigte van enige reëls en kompetisie-aangeleentheid. Die beslissing van die BJV Letaba tak bestuur sal finaal wees ten opsigte van die toekenning van enige pryse. Geen diskoers of korrespondensie hieroor sal toegelaat word nie.

5. Enige oortreding van reëls MOET lei tot die diskwalifikasie van die die skut wat oortree. Sodanige gediskwalifiseerde skut verbeur AL sy/haar tellings en fooie.

6. Elke persoon mag soveel keer skiet as hy/sy wil binne die toegelate inskrywingstyd.

7. Elke skut MOET die skietpunt verlaat EN ontruim nadat hy deelgeneem het en agter in die ry stelling inneem vir sy volgende kans. Indien die skietpunt nie vol is nie, mag hy/sy in die volgende aflossing skiet.
8. Slegs 3 minute skiettyd sal per aflossing toegelaat word.

9. Slegs skuts mag op die skietpunt wees. Bystand mag in uiterste regverdigbare omstandighede verleen word deur 'n tweede persoon met vooraf toestemming van die Hoof Baanoffisier (voordat skietpunt betree word) maar die bystandspersoon mag nie ten tye van afvuur van die wapen in fisies of verbaal in kontak wees met die skut nie. Bystanders is dus basies daar om om te sien na die veiligheid van die skut se wapenhantering byvoorbeeld met kinders wat deelneem.
10. Skuts sal die skietpunt betree deur van die middelste trappe gebruik te maak en dit ontruim deur van die kantste trappe gebruik te maak.

**Veiligheidsreëls:**

11. Geen ammunusie mag in vuurwapens of magasyne wees ten enige tydstip van die dag nie, tensy 'n skietbaanbeampte u opdrag gee om u vuurwapen te laai.
12. Alle slotte van gewere moet ten alle tye oop wees tensy dit (sonder ammunisie) in die geweersak gesit word.

13. Op die skietpunt moet alle gewere met die slotte oop binne die geweersak gelos word totdat die opdrag kom om die geweer uit die sak te haal. GEEN wapen mag hanteer word agter die skietpunt nie en moet slegs in ‘n geweersak of tas gedra word.

14. Slegs vier rondtes per skut word toegelaat en moet sigbaar op die skiettafel langs die geweer ten toon gestel word.

15. Daar sal slegs drie minute toegelaat word om die drie skote af te vuur nadat die Baan Offisier die bevel gegee het dat die aflossing kan begin.

16. Skuts sal agter die skiettafel staan totdat die beampte u opdrag gee om stelling in te neem en te laai.

17. Slegs skuts word op die skietpunt toegelaat - alle toeskouers moet agter die skietpunt wees.

**18.** Geen alkohol word op die skietbaan toegelaat nie. Enige persoon wat hierdie reël oortree of sigbaar onder die invloed van drank op die skietbaan teenwoordig is, MOET gediskwalifiseer en gelas word om ONMIDDELIK die skietbaan te verlaat.

**Kompetisiereëls:**

19. Kategorieë:
    a. 100meter met teleskoop: Enige senterslag ooglopende jaggeweer R150 vir registrasie, inskrywing en eerste twee teikens en R50-00/teiken daarna.

    b. 100meter oop visier: Enige senterslag oop visier sonder glas optiese hulp. Selfde kostes as 19.a

    c. 100meter onbeperkte klas: Enige senterslag, geen beperkings behalwe geen staaf gewere. Selfde koste as 19.a

    d. 50meter “Uit die vuis”. Enige senterslag ooglopende jaggeweer, skiet slegs uit die staanhouding sonder stut of rus. Selfde kostes as 19.a

    e. Handwapenkompetisie: 1) Randslag en 2) Senterslag – Beide R50-00 eerste teiken en daarna R30/teiken. Senior klas en Junior Klas ( Onder 18 op die dag )

    f. .22 kompetisie: Senior 18 jaar en ouer op die dag R30 per teiken – Junior jonger as 18 op die dag R20 per teiken – Junior jonger as 13 op die dag R20 per teiken.

    g. Kleiduif : R60 per ronte 10 kleie ingesluit, eie ammunisie.

    h. Windbuks: Senior 18 jaar en ouer op die dag R10 per teiken – Junior jonger as 18 op die dag R10 per teiken – Junior jonger as 13 op die dag R10 per teiken

20. Die skietkompetisie behels die volgende:

    a. 1 Opwarmskoot in die skietwal word toegelaat (opsioneel).

    b. 100 m groepering, 3 Skote op teiken waarvan al 3 op die teiken papier moet wees, sou een skoot die buiterand van die papier teiken breek sal die teiken nie gemeet word nie. Dooierus oor skiettafel ( slegs die boonste oppervlakte ) met slegs die 5 sakkies wat voorsien word as bystand.

21. **Indien daar nie sonder enige twyfel deur die meters en hoofbaanbeampte bepaal kan word dat daar drie (3) skote deur die teiken is nie, sal die teiken geignoreer word vir die kompetisie.**
22. Indien daar ooglopend, 'n ander kaliber se gate in 'n teiken van 'n skut is, sal die teiken in berekening gebring word, indien die skut dit aanmeld aan die baanoffisier, alvorens die skietpunt vir daardie aflossing ontruim word, mits die verdwaalde skote geidentifiseer kan word tussen die ander skuts van daardie aflossing.
23. Indien 'n skut op 'n verkeerde teiken skiet sal hy/sy gediskwalifiseer word, vir die betrokke sessie waarin die voorval plaas gevind het.
24. Enige senterslag of jaggeweer met loopdikte by die tromp van 22 mm of kleiner (gemeet reg agter die knaldemper vir gewere met knaldempers) en looplengte van 660mm (26") of minder (gemeet vanaf die tromp tot teen die geslote grendel) sal toegelaat word in kategorieë 19a, 19b en 19d. Die geweer moet 'n ooglopende jaggeweer wees. Verstelbare kolwe toelaatbaar.

25. Knaldempers is toelaatbaar maar **GEEN BLITSBREKERS** nie.

26. Slegs die sakkies wat op die tafels voorsien is mag gebruik word - geen eie driepote of ander tipe rus of hulpmiddels word toegelaat nie. Die geweer mag slegs op die horisontale oppervlakte van die skiettafel ondersteun word.

27. Geen steunende skiet baadjies toegelaat vir 50meter uit die vuis uit nie. Slegs geweer bande wat op twee plekke, een voor en een agter aan die kolf, heg word toegelaat. Solank die band net op die twee plekke heg mag die band gebruik word vir ondersteuning, selfs bande met 'n lus. Geen optiese beperkings nie, enige visier of teleskoop tipes word toegelaat bv. enkelpunt ("Red Dot"). Slegs senterslag.

28. Eie ammunisie (gekoop of self gelaai) mag gebruik word.

29. Skuts wat diens doen op die skietdag en so gelys is op die Hoof Organiseerder se dienslys is geregtig om deel te neem aan die kompetisie en sal Vrydag en so ook enige skut wat deelneem aan die kompetise, Vrydag 1 September van 13:00 af geleentheid gegee word om aan die geweerkompetisie deel te neem. Hierdie diensdoenende skuts sal ook voorkeur geniet op Saterdag 1 Oktober by ander dissiplines sodat hulle ook kan deelneem maar gou genoeg gehelp kan word om by hulle dienspunte te kan diens doen

30. Indien die Eerste plek 'n gelykop uitslag is, sal na die betrokke skuts se tweede beste teiken gekyk word vir 'n beslissing. Indien steeds gelykop, sal na die derde beste teiken gekyk word.

31. Teikens moet die volgende inligting op hê:

    a. Voorletters en Van.

    b. Kaliber.

    c. Skut nommer

    d. Kategorie.

    e. Teiken- en skietpunt nommer.

32. Geen teiken sal twee keer gemeet word nie.

33. Elke teiken wat moontlik kwalifiseer vir ‘n prys sal elektronies gemeet word.

34. Daar sal slegs een (Ope) kompetisie wees, juniors en dames sal nie in aparte kompetisies deelneem nie.

35. Die beste dames en junior (Juniors =18 jaar en jonger op die dag) sal in aanmerking kom vir die ope klas pryse PLUS ‘n addisionele prys.

36. Trekpryse sal ook tydens die prysuitdeling uitgegee word maar skuts moet teenwoording wees tydens die prysuitdeling om te kawalifiseer daarvoor.

37. Addisionele pryse mag deur die vereniging toegeken word na goed denke.

38. Deur in te skryf vir hierdie kompetisie, onderwerp elke deelnemer hom/haar aan die reëls soos uiteengesit hierbo.

39. SLEGS een teiken per skut sal in aanmerking geneem word vir die kompetisie alhoewel die hoeveelheid teikens per skut nie beperk is nie. Elke skut kan dus probeer om sy beste te verbeter deur soveel teikens te skiet as wat hy/sy wil maar slegs een teiken (normaalweg die beste groeperingsteiken) sal in aanmerking geneem word om ‘n prys te wen. Elke skut sal dus in aanmerking kom vir slegs een prys, behalwe soos gestipuleer in punt 34.

40. Die algehele wenner ontvang ‘n wisseltrofee asook die Hoofprys. Pryse sal toegeken word soos deur die Vereniging goed gedink word.